Bib.

39/85

310/83

/mb

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

ACHMAT MENIERS ........................... APPELLANT

en

DIE STAAT ............................ RESPONDENT

Coram : JANSEN, WHR, CILLIé, VILJOEN, HOEXTER, ARR et SMALBERGER, WAR

Verhoordatum : 14 MAART 1985

Leweringsdatum : 29 MAART 1985

---

U I T S P R A A K

---

VILJOEN, AR

Met verlof van hierdie Hof kom die appellant in hoër beroep teen sy vonnis van 15 jaar vir

2/.... strafbare

strafbare manslag. Die appellant het as beskuldigde 2 saam met ene Nicolaas Snyman (hierna Snyman genoem) as beskuldigde 1 voor regter Lategan en assessore tereggestaan op 'n aanklag van moord op ene Pieter Daniel Bruce (hierna die oorledene genoem) in Bishop Lavis, Kaapstad, op 22 Augustus 1982.

Snyman en die appellant het aan 'n bende, die Naughty Boys, ook bekend as die Naughty Spiders, behoort. 'n Ander bende in Bishop Lavis het bekend gestaan as die Weekend Spoilers. Op hierdie betrokke aand, so blyk dit uit die getuienis, het Snyman, die appellant en nog nagenoeg agt lede van die Naughty Boys, die buurt waarin die oorledene gewoon het op horings gehad. Hulle het, gewapen met wapens soos

messe en pangas, voorgegee om lede of groepe van die vyandelike Weekend Spoilers te soek om met hulle in geveg te tree en dit is nie vergesog nie om te aanvaar dat enige enkele lid van die Weekend Spoilers wat hulle sou raakloop hulle veglus en wraaklus sou moes ontgeld. Hulle was so opgesweep dat hulle, so blyk dit, van enige persoon wat hulle mog teëkom, ŉ slagoffer sou maak onder die gewaande aanspraak dat hy ŉ lid van die Weekend Spoilers sou wees.

Vroeër die aand - volgens die getuienis om en by 21h00 of 22h00 - het hulle die deur van die huis van bure van die oorledene, sekere Walkers, oopgeskop en het hulle van die vensters van daardie huis stukkend gegooi en van die meubels en ander goedere binne die

huis gebreek en vernietig. Vrae wat namens Snyman en die appellant aan die staatsgetuies gestel is en hulle eie getuïenis het vaagweg die suggestie bevat dat van die seuns van daardie huis lede was van die Weekend Spoilers. Dit is nie deur enige staatsgetuie, wat 'n suster van die Walker-seuns ingesluit het, bevestig nie. Die seuns was in elk geval nie tuis nie en die beskadiging en vernietiging van eiendom by die Walkers se huis was 'n sinnelose daad van aggressie en vernielsug. As gevolg van die gebeure by die Walkers se huis het sekere lede van die gesin Walker gaan skuiling soek by die huis van die oorledene langsaan. Vermoedelik as gevolg van vrees dat die bende kon terugkeer om hulle strooptog

in die buurt voort te sit, het die oorledene en sekere lede van sy huisgesin en van die Walkers wat daar kom skuiling soek het, nie geslaap nie, maar gewaak. Na middernag was Snyman, die appellant en hulle mede-bendelede nog in die buurt bedrywig. Die oorledene, wat alreeds heelwat te drinke gehad het en blykbaar sy voorraad wyn wat hy in die huis gehad het, uitgeput het, het na middernag lus gehad vir nog meer en het die huis verlaat met die doel om by 'n smokkelkroeg 'n botteltjie wyn te probeer bekom. Hy het egter nie verder gekom as sy voorhekkie nie. Daar het hy gestaan en sy jong seun, Jacobus Pieter Bruce, wat deur die venster sy pa en die gebeure buite dopgehou het, het gesien hoedat

sy pa sake in die straat dophou. Hy het ook gesien dat, nie ver van die huis af nie, die bende ŉ sekere Kallie Galant aanval en aanrand. Of Kallie Galant met sy lewe daarvan afgekom het, is nie duidelik uit die getuienis nie.

Die oorledene was ŉ man van 54 jaar oud en volgens die getuienis, insluitende die getuienis van Snyman en die appellant, was hy nie ŉ lid van die Weekend Spoilers of van enige ander bende nie. Die appellant het hom goed geken en het dikwels by die Bruce-gesin aan huis gekom aangesien hy en die oorledene se ouer seun saam skoolgegaan het en goed bevriend was. Toe die bende die oorledene daar by die hekkie gewaar, het hulle op hom afgestorm. Hy

het ylings in die huis probeer vlug, maar die jong seun Pieter, wat die deur agter sy pa gesluit het toe hy uitgegaan het, kon nie gou genoeg die deur oopsluit nie en die bende, met Snyman vooraan en die appellant agter hom, gevolg deur die ander lede van die bende, het deur die hekkie gestorm en op die oorledene, wat tevergeefs in sy angs die Opperwese op tweeërlei wyse aangeroep het met 'n uitroep van "God! Allah!", voor die deur oorval. Pieter Bruce het een gehoor skree: "Maak hom dood. Hy is 'n Weekend Spoiler hond. Maak hom wit bene." Die appellant het hom met sy panga in die waai van die been gekap sodat hy geval het en Snyman het hom met sy panga oor die kop toegetakel. Die ander lede het almal in 'n bondel op hom toegesak

en hy is daar om die lewe gebring. Die verslag van die na-doodse ondersoek vermeld sekere wonde wat bestaanbaar is met houe wat deur pangas veroorsaak kon gewees het, maar die dood is veroorsaak deur steekwonde met skerp voorwerpe. Die afleiding is dat die lede van die bende wat met messe gewapen was die steekwonde toegedien het. Hierdie ander lede is nie uitgeken nie en gevolglik is alleen die appellant en Snyman voor die hof gedaag.

Die gronde waarop die hof a quo die appellant en Snyman aan strafbare manslag, en nie aan moord nie,skuldig bevind het, blyk uit die volgende passasie uit die uitspraak:

> "Dit is deur mnr Van Vuuren geargumenteer dat wat nommer 1 betref, hy in eie getuienis

erken het dat hy geweet het dat sy medebendelede die aand gevaarlike wapens by hulle het, trouens ook messe en dat hy, vanweë sy assosiëring en leiding trouens wat hy geneem het in die aanval op die oorledene, wat tot die oorledene se dood gelei het, dan skuldig moet wees aan moord op die basis dat hy inderdaad voorsien het dat die oorledene mag sterf en verder, dat hy hom dan ook versoen het met hierdie moontlike gevolge wat hy voorsien het. In ons oordeel egter het die Staat net nie ver genoeg met sy getuienis gegaan om partikulier in die geval van hierdie individuele mens, hierdie partikuliere individuele dader, te bewys dat hy wel subjektief voorsien het dat die man op wie hy die aanval begin het sou sterf nie. Ook wat die verdere been van hierdie besondere soort van opset betref, naamlik die versoening met van wat hy voorsien, het in ons oordeel die Staat ook kortgeskiet. Wat ek so pas gesê het geld ook vir nommer 2.

Dit is vir ons duidelik dat hierdie twee beskuldigdes die aand saam met hulle bendelede wel deeglik die opset gehad het om moeilikheid te maak, om te verwoes, om aan te rand, om

onskuldige en vreedsame mense soveel as moontlik ergenis en moeilikheid en pyn en skade te veroorsaak as waartoe hulle in staat was om teweeg te bring. Hulle het soos wilde honde gehardloop deur die buurt en daar is getuienis voor ons van minstens potensieël drie misdrywe wat hulle in die loop van daardie aand gepleeg het, hulle en hul bende. In hierdie proses het hulle natuurlik ook aan of drank of dagga of altwee deel gehad. Ons is bereid om te aanvaar dat hulle miskien 'n bietjie drank ingehad het en/of dagga. Dit was egter nie hierdie drank en/of dagga wat hulle in hierdie grand finale van hulle optrede gedryf het nie maar eerder 'n geweldslus, 'n sinnelose begeerte om te vernietig.

Ons kan nie sê dat hierdie algemene begeerte wat by hierdie bende bestaan het ook die opset ingesluit het om mense inderdaad dood te maak nie. Ons kan nie dit sê, veral as ons daaraan dink dat beide van hulle aan die Bruce-familie baie bekend was en trouens soos kinders in die Bruce-gesin se huis gekom het. Ons kan nie dink dat daar ooit by hulle in enige vorm 'n begeerte bestaan het dat hierdie man moet sterf nie. Dit kom ons voor asof

> dit ŉ uiterste vorm van roekeloosheid was wat van hulle beetgeneem het in daardie fatale paar oomblikke voor Bruce gesterf het. Maar dit is nog nie genoeg om die misdryf van moord te bewys nie, ŉ geestesinhoud van totale roekeloosheid nie."

Geen vorige veroordeling is teen die appellant bewys nie. Uit antwoorde op vrae van die verhoorregter blyk dit dat die appellant ten tyde van die oortreding 18 jaar en 9 maande oud was. Ter versagting het die appellant se advokaat gewys op die afwesigheid van enige vorige veroordeling en het hy betoog dat die beskuldigde ŉ fris en potensieel-nuttige burger skyn te wees. Die appellant het ook, so het die advokaat betoog, ŉ effens mindere rol gespeel as Snyman.

Die uitspraak op vonnis lui soos volg:

"Ek sien nommer 2, dat jy nommer 1 so pas geluk gewens het met die feit dat julle nie aan moord skuldig bevind is nie - so lei ek af uit jou gebare. Dit is so dat julle nie aan moord skuldig bevind is nie en dat julle nou ook dan gestraf moet word vir die neem van 'n man se lewe, waaraan julle aandadig was dat dit geneem word op 'n basis van groot roekeloosheid.

Dit het by herhaling voor hierdie Hof in die afgelope paar jaar geblyk dat daar sekere gemeenskappe in die Skiereiland van Kaapstad is wat geterroriseer word deur mense soos julle en

julle gelykes; deur bendes soos
die waaraan julle deelneem. Mense
se huise word verwoes, die vrouens word
verkrag en die manne word met die
byl doodgeslaan as hulle hulself
durf verset teen hierdie bendes
se optrede. Nie dat julle julself
in hierdie geval daaraan skuldig
gemaak het nie, maar in 'n sekere
sin is julle deel, as lede van
die Naughty Boys, aan hierdie
ontsaglike terreur wat heers
in sekere minder gegoede buurtes
in Kaapstad, wat onskuldige
wetsgehoorsame mense elke dag
dryf, soos ons op hierdie foto
moet sien, dat hulle die voorkant
van hulle huise met onooglike
stukke paal en draad moet

beskerm sodat mense nie kan binnekom nie.

As die regbank nie sy gemeenskap beskerm nie is ons bevrees kan die situasie ontstaan dat die inwoners van hierdie gebiede later die reg in eie hande sal neem en hul eie bendes op die been sal bring om julle te beveg en om hulle lewe en eiendom te beskerm en dit kan ons nie toelaat nie. Ons moet altyd die gemeenskap laat voel dat ons hulle behoorlik beskerm as 'n gemeenskap.

Ek is tevrede, uit my eie waarneminge, van wat ek in kamers by my eie kollegas by herhaling gehoor het, dat hierdie, 'n ontsaglike probleem geword het in ons regsgemeenskap hier in die Kaap en dat daar voortaan baie hard gepraat sal moet word om andere af te skrik om nie weer vreedsame mense, wat maar net die reg vra om hulle eie lewe te lei, hoe eenvoudig dit ook al mag wees, maar om hulle eie ding self te doen en dit op 'n vreedsame manier en 'n wetsgehoorsame manier te doen en hulle eie lewe te lei en hulle eie mense lief te hê en hulle kos op hulle eie tyd te eet.

Julle twee het, wat my betref bewese deur julle

optrede, deel geword van hierdie kanker wat bestry moet word. Ek waak daarteen om nie oormatig streng teen julle persoonlik op te tree nie, omdat julle twee nie alleen die las kan dra ook vir andere se misdrywe nie. Maar dit is wel 'n faktor wat ek wel deeglik in ag gaan neem om andere af te skrik dat die skollie-bendes van Kaapstad voortaan moet besef dat hulle optrede teen vreedsame wetsgehoorsame burgers nie ligtelik meer geduld gaan word nie.

Elkeen van julle word gevonnis tot VYFTIEN (15) JAAR gevangenisstraf."

'n Aansoek om verlof om te appelleer is aan die verhoorregter gerig op die volgende gronde:

"1. The punishment imposed is

(a) startlingly inappropriate in its severity and

(b) strikingly disparate when compared with sentences imposed in respect of similar crimes;

2. The Honourable Court

(a) unreasonably accentuated the importance

of the prevalence of the type of crime in the community and

(b) in any event, improperly allowed this factor to weigh heavily without evidence having been led thereon and without having given Counsel the opportunity of addressing the Court thereon and

(c) allowed the purpose of punishment as a deterrent to others to outweigh all other considerations and

(d) thereby misdirected itself;

3. The Court overemphasised the result of the accused's participation, the death of the deceased, in what was a crime of negligence;

4. In imposing identical sentences in respect of both accused, and in any event, the Court paid insufficient attention, if any, to

(a) the fact that accused no 2 was a first offender and

(b) the minor role played by accused no 2 in the killing of the deceased;

5. The Court failed to give sufficient weight to the fact that the accused was only 18 years and 9 months old at the time of the commission of the offence;

6. The Honourable Court misdirected itself in taking into account, or in referring to, what it interpreted as accused no 2's congratulating of accused no 1 for the latter's not having been found guilty of murder."

Hierdie aansoek is geweier.

Wat die eerste grond betref, het die verhoorregter die standpunt gehuldig dat, vanweë die besondere omstandighede van die oortreding, die vonnis nie ontstellend onvanpas was nie. Die regter maak gewag daarvan dat hy nie na enige saak verwys is waar die omstandighede dieselfde was nie en gaan voort:

"It is so, it may well be said that is a severe punishment, a sentence of fifteen years for culpable homicide, that may well be so, but I do not see any reasonable prospect of another Court, another reasonable Court interfering with this sentence as strikingly disparate under the peculiar circumstances of this case."

Wat betref die betoog dat die hof te veel klem gelê het op die hoë voorkoms van die tipe oortreding, het die regter nie saamgestem nie, en het geredeneer:

"..... this Court, not myself only but colleagues of mine having had to sit in matters of violence in this court and having to adjudicate daily in this court on a growing number of violent and completely unacceptably anti-social conduct in this jurisdiction area of this Court, have time and time again expressed their alarm at the increase of not only this type of offence but the modus operandi that are alarmingly alike in many of these cases, where honest, peace loving

citizens' homes are invaded and where innocent people are not only being killed but cruelly being disturbed in the peace of their own homes, where the women are sometimes sexually assaulted at any sign of resistance, terrible revenge being taken by the members of gangs who enter these homes. The less affluent citizens and suburbs of this metropolis of Cape Town, to our way of thinking on this Bench, has a right to be protected by the Bench against this type of offence and against this type of conduct. In my view, as I have already said, the time has come very definitely to sound a very clear and very severe warning to other future offenders who may want to perpetrate the same kind of violations of other peoples' rights."

Ten aansien van die betoog dat die hof nie aan die advokaat kennis gegee het dat hy van voorneme was om die aspek van die hoë voorkoms-syfer in ag te neem en die advokaat nie 'n geleentheid gebied het om die hof toe te spreek of getuienis op die aspek te lei

nie, het die regter, myns insiens tereg, daarop gewys dat die advokaat behoort te geweet het dat die hof enige aangeleentheid wat vir vonnisdoeleindes ter sake mag wees - verswarend sowel as versagtend - in aanmerking kan neem. Die regter het ook die betoog dat hy die afskrikking van ander oorbeklemtoon het, afgewys. Die betoog dat die hof die aandeel van die appellant in 'n oortreding wat alleen nalatigheid behels het, oorbeklemtoon het, is soos volg deur die regter afgemaak:

> "The accused was found guilty of participation in wrongly and illegally causing the death of an innocent father of a home under the circumstances which are known to everybody concerned. In no sense can it be said that his participation in the events that led to the deceased's death was anything less than that of the other accused, or any other of the members of the gang who had killed the man that night. In fact, if anything,

in my view, it can be said that accused number 2 was the man who delivered the deceased defenceless to the other attackers, to the other members of the gang, by striking him down when he was on the point of seeking the refuge of his own home. In that sense this unfortunate man may still have lived if it wasn't for the quickness of feet and the quickness of hand of accused number 2, by stopping him from the escape of his attackers. I am not of the view that any other reasonable Court will interfere with my approach in that regard."

Die jeugdige ouderdom van die appellant en die afwesigheid van vorige veroordelings is wel deur die hof in aanmerking geneem, sê die regter. Die betoog dat dit 'n mistasting was dat die regter vir doeleindes van straftoemeting dit in ag geneem het dat die appellant vir Snyman gelukgewens het, het die regter soos volg van die hand gewys:

"That was a remark made in passing and which in fact at the time struck me as symptomatic of the accused's lack of any regret for what he has done. A callous, smiling approach, also emanated [aggravated?] by the fact that he had been lying here deliberately to the Court in defending himself. That did not in any sense really weigh with me when sentence was passed, as I have already said, it was a remark made in passing, which could not escape me and in itself I have no doubt in my own mind that that in the end did not weigh in any sense as an aggravating factor to add anything to the number of years of imprisonment that was passed upon him by me."

Ek het na die redes vir die weiering deur die verhoorregter van die aansoek om verlof om te appelleer verwys omdat dit, myns insiens, 'n uitbreiding en aanvulling van die uitspraak op vonnis was.

Hierdie Hof sal alleenlik kan ingryp, wat

die vonnis betref, indien dit blyk dat die verhoorhof nie redelikerwyse die diskresie uitgeoefen het wat aan hom toevertrou is nie. R v Ramanka 1949(1) SA 417(A) S v N 1976(3) SA 644(A). Dat die verhoorhof nie sy diskresie behoorlik uitgeoefen het nie was die betoog van die advokaat vir die appellant wat wesentlik die argumente wat in die hof *a quo* in die aansoek om verlof om te appelleer aangevoer is, herhaal en ontwikkel het.

Dit wil voorkom asof die verhoorregter moontlik wel die gelukwensery in ag geneem het as 'n verswarende faktor. Vanweë die gebruik van die woord "really" in die sinsnede "That did not in any sense really weigh

24/.... with

with me when sentence was passed" wil dit voorkom of hy dit tog in 'n mate in ag geneem het, soos ook blyk uit sy verduideliking dat hy dit beskou het as aanduidend van 'n gesindheid van algehele ongevoeligheid en 'n gebrek aan berou wat vererger is deur die leuenagtigheid van die appellant. Ek aanvaar egter dat vir sover hy dit in ag geneem het dit die regter nie grootliks beïnvloed het nie en dat hy die opmerking en passant kwytgeraak het. Dit bied dus nie genoegsame grond vir hierdie Hof om in te gryp nie.

Ek is egter van oordeel dat die verhoorregter misgetas het deur nie behoorlik te onderskei

tussen moord met opsetvorm dolus eventualis en strafbare manslag nie, dat die bevinding eintlik neerkom op eersgenoemde en dat die appellant, ondanks ŉ skuldigbevinding van slegs strafbare manslag, daarvoor gestraf is. Die hof het wel die argument van die Staat se advokaat dat, aangesien hulle bewus was daarvan dat van hulle mede-bendelede messe het, Snyman en die appellant voorsien het dat die oorledene mag sterf en dat hulle hulle met die gevolge daarvan versoen het, verwerp, maar wat daarop volg is na my mening teenstrydig met sodanige verwerping.

Die stelling wat in die eerste sin van die laaste paragraaf van die aanhaling hierbo uit die uitspraak op skuldigbevinding gemaak word, is na my oordeel nie goed

gefundeer nie. Ek meen nie dat dit korrek is om te sê dat "die algemene begeerte wat by hierdie bende bestaan" nie "ook die opset ingesluit het om mense inderdaad dood te maak nie". Indien die messteke wat die dood veroorsaak het en die uitroep dat die oorledene gedood moet word en dat daar wit bene van hom gemaak moet word, in ag geneem word, is die afleiding onvermydelik dat daar 'n opset, en dan wel 'n opset in die vorm van dolus directus, dat die oorledene gedood moet word by een of meer lede van die bende bestaan het. Die hof a quo het wel vir Snyman en die appellant uitgesluit van daardie opset omdat die hof nie kon aanvaar dat hulle, vanweë die verhouding wat daar tussen hulle en die Bruce-gesin bestaan het, hom om die lewe sou wou bring nie. Daar is egter passasies in die uit-

sprake op vonnis en op die aansoek om verlof om te appelleer wat op die teendeel dui. Daar is selfs 'n passasie wat daarop dui, soos ek hieronder sal aantoon, dat die hof geen onderskeid gemaak het nie tussen hulle aandeel en die aandeel van ander lede van die bende wat wel die opset gehad het.

In die uitspraak word gekonstateer dat dit vir die hof voorkom dat 'n "uiterste vorm van roekeloosheid" hulle beetgeneem het. As dit so was dat 'n "uiterste vorm van roekeloosheid" hulle beetgeneem het en hulle voorsien het dat die oorledene kon sterf as gevolg van die aanval op die oorledene met wapens (insluitende messe) en hulle hulle daarmee versoen het, dan was die opsetvorm dolus eventualis

tog teenwoordig. Daar is niks in die uitspraak waaruit ek kan aflei dat die hof bevind het dat Snyman en die appellant hulle nie met die moontlikheid van die dood van die oorledene versoen het nie. In die uitspraak op vonnis word die groot roekeloosheid weer beklemtoon sonder om 'n onderskeid te maak tussen opset by moontlikheidsbewussyn by moord en nalatigheid by strafbare manslag waar in die reël 'n objektiewe toets - die van 'n redelike man - alhoewel soms in 'n mate geindividualiseer, toegepas word. Die woorde wat gebruik is, lui:

> "Dit is so dat julle nie aan moord skuldig bevind is nie en dat julle nou ook dan gestraf moet word vir die neem van 'n man se lewe waaraan julle aandadig was dat dit geneem word op 'n basis van groot roekeloosheid."

Ek vertolk die woorde "groot roekeloosheid"

om in te sluit "ongeag die gevolge". Op die betoog in die aansoek om verlof om te appelleer dat die hof te veel klem gelê het op die aandeel van die appellant aan die dood van die appellant het die verhoorregter, soos blyk uit die passasie hierbo, sy standpunt soos volg gestel:

> "In no sense can it be said that his participation in the events that led to the deceased's death was anything less than that of the other accused, or any other of the members of the gang who had killed the man that night."

Dit is 'n verbasende stelling in die lig van wat reeds bevind is naamlik dat Snyman en die appellant nie die begeerte gehad het dat die oorledene moet sterf nie. Ek het reeds verwys na die uitroep dat van die oorledene wit bene gemaak moet word en na die messteke wat die dood veroorsaak het - feite waarvan alleen een

afleiding gemaak kan word naamlik dat, altans sekere van die bendelede, die oogmerkopset gehad het. Soos ek die uitspraak vertolk kom die bevinding egter in wese daarop neer, wat Snyman en die appellant betref, dat hulle, op die minste, opset by moontlikheidsbewussyn gehad het.

Dit wil my dus voorkom of die hof vir Snyman en die appellant formeel skuldig bevind het aan strafbare manslag maar by straftoemeting beïnvloed is deur die oortuiging dat hulle inderwaarheid die verwyt dra aan 'n misdaad gelykstaande aan moord waar die opsetvorm dolus eventualis is. Dit was, myns insiens, 'n mistasting. Die appellant moes gevonnis gewees het op die grondslag van 'n skuldigbevinding van strafbare manslag.

Maar indien ek die uitlatings in die uitsprake

verkeerd vertolk, meen ek nietemin dat die vonnis vir 'n skuldigbevinding aan strafbare manslag buitensporig is en dat die hof a quo gevolglik nie sy diskresie behoorlik uitgeoefen het nie. Die regter het die besondere omstandighede van die oortreding beklemtoon en hoewel hy sê dat hy daarteen waak om nie oormatig streng teen Snyman en die appellant op te tree nie omdat hulle twee nie die las kan dra vir ander se misdrywe nie, het hy tog die terrorisering van die gemeenskap deur bendes en skollie-bedrywighede in die Kaap as 'n kanker wat die gemeenskap bedreig, beskryf, en is dit duidelik uit die uitspraak dat hy die afskrikking van andere wat lede is van bendes en deel het aan oortredinge van die aard wat hy genoem het, voorop gestel het.

32/.... Vanweë

Vanweë die beginsel van individualisasie by straftoemeting en die moontlikheid dat wat gewoonlik beskou word as 'n mindere misdaad tog vanweë die omstandighede 'n swaar straf mag verdien, kan daar nie absolute standaard-vonnisse vir elke oortreding geld nie. Desondanks word daar gewoonlik tog in ag geneem, as 'n algemene reël, dat wat beskou word as 'n mindere oortreding soos strafbare manslag ligter gestraf word as 'n meer ernstige oortreding soos moord omdat die verwytbaarheid wat kleef aan die opset in die geval van die ernstige oortreding groter is. Dat bendebedrywighede in die Kaap aan bande gelê moet word deur 'n afskrikkings-vonnis is 'n geoorloofde oogmerk maar in die bepaalde omstandighede van 'n geval moet

dit tog opgeweeg word teen die persoonlike omstandighede van die beskuldigde. Dat dit gewoonlik jeugdiges is wat aan bende-bedrywighede deelneem, kan grootliks die oorweging van jeugdigheid as 'n versagtende faktor neutraliseer waar die oortreding deur 'n jong bendelid gepleeg word maar in die onderhawige geval kan jeugdigheid nie heeltemal oor die hoof gesien word nie. As al die omstandighede in ag geneem word - die skuldigbevinding aan strafbare manslag (en nie aan moord nie), die jeugdige ouderdom van die beskuldigde en die feit dat hy 'n eerste oortreder is, meen ek dat die vonnis van 15 jaar wat hom opgelê is, buitensporig swaar is.

Die appél slaag. In die plek van die vonnis van 15 jaar word 'n vonnis van 10 jaar gevangenisstraf gestel.

APPéLREGTER

| | | | |
|---|---|---|---|
| JANSEN | WHR) | | |
| CILLIé | AR ) | - | stem saam |
| HOEXTER | AR ) | | |
| SMALBERGER | WAR) | | |